

DAWIE SE NOTAS

- Dawie Roodt

30 Maart 2020



HOE VANG 'N MENS 'N VALLENDE KLAVIER?

Deur Dawie Roodt, Libertyn

Voor die skryf van hierdie week se rubriek lees ek eers gou die vorige Libertyn, wat ek net meer as 'n maand gelede geskryf het. Daarin tob en kerm ek oor die staat se finansies, ons swak politieke leierskorps en die komende afgradering.

Nooit het ek gedink ons lewens sou binne 'n maand onomkeerbaar verander nie. Ek en my span bestuur baie groot bedrae geld. Afhangende van die behoeftes van die kliënt, word die geld in die tipiese bateklasse soos die geldmark, aandele, in die buiteland en die kapitaalmark belê.

My verantwoordelikheid is om leiding te verskaf ten opsigte van die samestelling van die onderskeie bateklasse in die verskillende soorte portefeuljes.

Die afgelope twee weke was 'n nagmerrie op steroïede. Omtrent alle bateklasse het in waarde gedaal, selfs die tradisionele "veiliges" soos rentedraende instrumente en selfs goud. Ons moes alles inspan om te red wat te redde is.

Maar die moeilikste was - en bly - om sin te maak van die warboel van gebeure: Hoe vang 'n mens 'n vallende klavier?

Natuurlik weet niemand wat gaan gebeur nie, maar 'n paar goed is reeds duidelik.

Dit is natuurlik 'n baie groot fout om onder sulke onsekere omstandighede nou aan jou beleggings te toring. Intendeel, uitgeslape beleggers begin reeds winskopies koop!

Ons weet die ekonomie was in baie groot moeilikheid voor die nuutste krisis en nou is dit sonder twyfel selfs dieper in die moeilikheid. Die resessie sal nou dieper wees en langer duur. Die ekonomie behoort veral in die tweede kwartaal baie skerp te verswak en 'n baie diep resessie is bykans 'n uitgemaakte saak vir die jaar in geheel.

Baie ondernemings sal ten gronde gaan en baie duisende mense sal hul werk verloor. Dit is veral sekere ondernemings in die dienstebedryf soos haarkappers en restaurante wat besonder swaar gaan trek. En moenie dink foto's van leë winkelrakke beteken kleinhandelaars gaan die swarigheid gespaar wees nie.

Op kort termyn kan 'n paar voordeel trek vanweë krisisaankope, maar mense koop nie klere, meubels of motors onder hierdie omstandighede nie.

Daar is net twee basiese behoeftes van mense onder sulke omstandighede: Bly veilig met genoeg kos en sorg dat daar kontant in jou sak is - *kontant is koning!*

En dit is ook mense se houding teenoor beleggings. Baie beleggers wil in niks anders as kontant belê wees nie. Alles word verkoop, of dit waarde het of nie, en omtrent alle pryse daal - die rede vir al die vallende klaviere.

Dit is natuurlik 'n baie groot fout om onder sulke onsekere omstandighede nou aan jou beleggings te toring.

Intendeel, uitgeslape beleggers begin reeds winskopies koop!

Dit is dan ook waarom die Reserwebank sekere noodmaatreëls ingestel het. Die onversadigbare vraag na.

kontant het tot 'n tekort aan likiditeit gelei. Daarom het die Reserwebank maatreëls ingestel soos om meer likiditeit aan banke beskikbaar te stel en selfs sover begin gaan as om staatseffekte in die mark te koop.

Ek herinner my aan 'n vorige Libertyn waar ek sterk te velde getrek het teen kwantitatiewe verruiming

(*quantitative easing of QE*), en die Reserwebank het reeds baie verontwaardig gesê dis nie kwantitatiewe

verruiming nie! Maar dit loop soos 'n eend en klink soos 'n eend. Sover kan mens seker redeneer sulke uitsonderlike optrede is nodig, gegewe die krisis, maar die werkliktoets vir die Reserwebank is nie nou nie, die werklik toets gaan kom ná die krisis wanneer die bank hierdie maklike geldbeleid moet ongedaan maak. Die gees is uit die bottel en ek is seker Ace lag in sy mou.

Intussen is ek verbaas dat bykans niks by my werk noemenswaardig verander het nie. Ons het steeds ons gereelde vergaderings en afsprake

Ons doen steeds ons navorsing en bestuur steeds al die portefeuljes soos voorheen.

Die enigste werklike verskil is dat ons nie meer in mekaar se fisieke teenwoordigheid is nie; alles word oor die internet gedoen. En oornag het almal se lewens verander, maar niks het ook verander nie.

En dalk sal ons nooit weer terugkeer na ons lewe voor korona nie.

Dalk is dit hoe die moderne lewe gaan lyk en dalk is dit nie so sleg nie. Niemand weet nie, maar ek dra ook nie meer skoene nie.

